Hessequa Vereniging vir Argeologie Annale
Hessequa Association for Archaeology Annals

31 Oktober 2016
Jaargang 9 No. 6

31 Oktober 2016
Year 9 No. 6



TERREIN-ONDERSOEK

Die HVA ontvang van tyd tot tyd versoeke om artefakte of terreine te ondersoek om te bepaal of die plek of item argeologies relevant is. Mnr. Shagon Carelse van die Hessequa Munisipaliteit het ons onlangs versoek om ’n konstruksie in die Werner Frehze Natuurreservaat te besoek en te evalueer.

Jan De Vynck het, in geselskap van Chris Heese, namens die Vereniging die ondersoek gedoen en Jan se verslag, asook die opinie van prof. Michael de Jongh, ons kenner van die Hessequa, is hierby. Lees dit gerus.

FISH TRAPS

A new member, mr. Izak Venter, has taken control of the fish trap portfolio. We wish to thank prof. John Willemse who has carried the brunt of this task over the past eight years. Due largely to his and mr. Jean Du Plessis’ (Cape Nature) efforts,

- the Minister of Agriculture and Fisheries has finally given the required permits;
- the traps have been repaired;
- a contract for one year has been awarded to a contractor to maintain and utilise the traps; and
- the HAS has been recognised as an on-going evaluator of the traps.

Mr. Venter has now taken charge of a going concern. He has undertaken to:

- study the field in order to carry out the required evaluations;
- collate such information on the traps as is currently available to the Society; and
- investigate the possibility of escorting visitors to the traps when they are being fished.

Stilbaai owes these gentlemen a debt. A valuable part of our heritage has possibly been saved for future generations.

OPENBARE LESING

Op 3 Oktober het dr Sarah Wurtz die HVA toegespreek. Sy is tans die leier van die derde ondersoek na die grotte by Klasiesrivier. Sy het verslag gedoen oor haar eerste bevindings en dit moes vir almal teenwoordig duidelik gewees het dat hierdie nuwe inisiatief moontlik

dramatiese nuwe insigte sal lewer. Ons sien daarna uit om kennis te neem van haar verdwere mededelings.

Dit bly ’n voorreg om sprekers wat as kundiges op hul terrein, wêreldwye erkenning, te ontvang.

UNVEILING OF “THE STILL BAY”

On 5 October premier Zille has unveiled the statue of “the Still Bay”. Our local press made a fair old meal of the occasion, but bad reporting cannot detract from the gracious way in which the Premier did this simple, but culturally invaluable task. The Society thanks her most sincerely.

’N INISIATIEF VAN DIE WES-KAAPSE REGERING?

By die onthulling van die standbeeld van die Stilbaaipunt het premier Zille gesê sy is voornemens om ’n argeologiese en paleontologiese roete vir die Wes-Kaap te vestig. Sy oordeel dat so ’n roete net so belangrik sou kon wees vir die ontwikkelingsgeskiedenis van *Homo sapiens* as wat die Wieg van die Mensdom is vir die ontwikkelingsgang van vroeëre hominides. Hierin onderstreep sy ’n standpunt wat lank reeds deur die HVA gepropageer word.

Onmiddellik na die onthulling is vergader om hierdie inisiatief verder te bespreek. Naas die Premier, was die minister van Kultuur, verteenwoordigers van die Rade van Mosselbaai en Hessequa, munisipale amptenare, en verteenwoordigers van die HVA asook van die Mosselbaai inisiatief teenwoordig.

Tydens die gesprek:

- het die Premier haar visie herhaal;
- is operasionaliseringstappe geïdentifiseer;
- het Mosselbaai aangedui dat hulle, naas die bekendstelling van plaaslike vondste, hulle inisiatief wil toespits op volhoubare menslike voortbestaan, en
- die HVA dokumentasie ingedien wat daarop dui dat ons ons volledige voorgeskiedenis wil uitbeeld, maar dat Blombos en die rotskuns klem laat val op die intellektuele ontwikkeling van die moderne mens.

Die Premier het na die vergadering kontak gemaak met die toepaslike nasionale minister en die provinsiale prosesse aan die rol gesit.

Hierdie ontwikkeling speel geensins negatief in op die aktiviteite van die voorgenome Stilbaai Saga Trust nie. Dié gaan voort om strategieë te ontwikkel om die nodige fasiliteite in Stilbaai in plek te sit. Hierdie inisiatief sal noodwendig ’n voortgesette navorsingsbeen insluit.

FOLLOW YOUR FOOTSTEPS

The cliffs east of Still Bay are littered with solidified footprints of animals that roamed the area between 140 000 and 90 000 years ago. Blocks break off from the cliff face and these

‘tracks’ and ‘trackways’ are exposed. Many of them look as if the animals sauntered past there yesterday.

One finds tracks of big animals such as elephants to small buck and birds. Unfortunately, these tracks don’t last long after being exposed. Within months to a few years they are erased by wind and sea. A moment in time long ago may now too only be visible to us for a moment. However, we can capture these moments through personal discovery, surveys, physical recovery and through photographic record. To personally discover these tracks brings one face to face with a distant past and it becomes an exciting treasure hunt.

Our members who are fit enough should consider coming along one day to learn and then, in their own time, continue the search for these moments. You might find tracks of extinct species and even human tracks. It all awaits your discovery.

The local trackways are to be found on the cliff faces or on pieces of the face which have already fallen off. Good luck hunting the pre-historic tracks!

BOARD MATTERS

All members are wished a happy festive season.

Finally, members are reminded that some of us have been remiss in paying our dues. If you are one of them, you will be receiving a reminder presently.

Should any new events arise, members will be contacted.

WERNER FREHZE NATUURRESERVAAT – KLIPLYN EN MOONTLIKE KRAAL

Verslag van Jan de Vynck:

Lugfoto

Kraal: 34 07’28.7”S; 21 15’20.7”E

Fig. 1. Die vermeende kraal en die gapakte kliplyn. Die kliplyn is sigbaar op Google earth.

Die vermeende kraal

Kraal: 34 07’28.7”S; 21 15’20.7”E



Fig 2. Die uitleg van die vermeende kraal. Die rooi lyn dui die klipmuur (’n hoop klippe) aan wat in ’n goeie toestand is en tussen 1m en 1.5 m hoog is. Die res van die muur lyk of dit platgeval het, maar is nog duidelik sigbaar. Die reghoek bo die kraal dui n sandwal aan wat omtrent 2 m breed en 0.5 m hoog is.

Fig. 3. ‘n Been gevind reg langs die vermeende kraal.

Fig. 4. Die 9 m muur langs die kraal.

Fig. 5. Nog ’n aansig van die 9 m muur.

Fig. 6. Die agterste kraalmuur.

Fig. 7. Die kliplyn wat min of meer in ’n westelike rigting strek. Dit is sigbaar op Google earth en maak ’n hoek verder wes en gaan dan in min of meer’‘n noord-westelike rigting.

Prof. De Jongh se kommentaar.

Beste Chris

Dankie, interessant! Die Hessequa/Khoekhoen het nie tradisioneel klipkrale gebou nie - net met takke/dorings/bosse - dus tydelik, omrede hul nooit permanent gevestig het nie. Latere kontak met die pioniersboere is 'n ander saak - maar toe het hulle uiteindelik vir die boere gewerk, is soms toegelaat om op die plaas te bly (in krale) en ook om vee aan te hou - en hul kon toe (moes dalk) krale gebou het.

Behoorlike oordeel kan natuurlik net gevel word as mens die goed van naderby bekyk-- Argeologie kan aan die hand van die reste langs/rondom die muur waarskynlik lig op die saak werp? Ons het datering (selfs relatiewe) nodig!

Voorlopige evaluering

Dit wil voorkom of die reste verband kon hou met bedrywighede van vroeë Vryburgers. Dit is moontlik dat vroeë kaarte van plase wat destyds uitgesit is, die kliplyn sou kon identifiseer as ’n plaasgrens.

Die HVA sal, sodra die terrein toepaslik ontbos is, verdere ondersoek doen.